27/91

Saaknommer 670/89

whn

DANIEL PAULUS KOCH ...................... Appellant

en

DIE STAAT ............................... Respondent

JOUBERT, AR.

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**APPÈLAFDELING**

In die saak tussen:

**DANIEL PAULUS KOCH** ...................... Appellant

en

**DIE STAAT** ................................ Respondent

Coram : JOUBERT, STEYN, F H GROSSKOPF, GOLDSTONE ARR

et PREISS Wn AR.

Datum van Verhoor : 23 Februarie 1991

Datum gelewer : 26 Maart 1991

---

U I T S P R A A K

JOUBERT, AR :

/Die ......

Die appellant en ene Calitz wat in beheer van Sun Promosies was, is in die streekhof te Johannesburg daarvan aangekla dat hulle art 2 van die Wet op Fondsinsameling No 107 van 1978 ("die Wet") oortree het deurdat hulle gedurende die periode Junie tot Desember 1986 sonder magtiging van die Direkteur van Fondsinsameling fondse van lede van die publiek ingesamel het. Art 2 lui soos volg:

> "Niemand mag bydraes insamel nie, tensy hy ingevolge hierdie Wet daartoe gemagtig is en tensy die insameling ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet geskied."

Die beskuldigdes se modus operandi was gemene saak. Deur middel van Sun Promosies het hulle 'n kompetisie uitgeskryf waarvolgens deelnemers sekere pryse kon wen. Deelneming het geskied deur voltooiing van 'n inskrywingsvorm, insluitende beantwoording van die vraag : "Waarom is Suid-Afrika so belangrik

vir die res van die wêreld ?" teen betaling van ŉ inskrywingsfooi van R10 per inskrywingsvorm. Die deelnemer behou dan ŉ deel van die inskrywingsvorm met ŉ nommer as ŉ kaartjie om as bewys van sy inskrywing te dien. Die teenstrokie van sy kaartjie het dieselfde nommer met besonderhede van die deelnemer asook sy antwoord op vermelde vraag. Hierdie teenstrokie met die R10 inskrywingsfooi kom toe aan Sun Promosies. 31 Desember 1986 was die sluitingsdatum van die kompetisie. ŉ Paneel van beoordelaars se aanwysing van die wenners sou finaal wees en sou op 24 Januarie 1987 in die openbaar bekend gemaak word. Die beskuldigdes wat onskuldig gepleit het se verdediging is deur adv. van Nieuwenhuizen behartig. Die verdediging het gesteun op die vertolking van art 1(1) van die Wet se omskrywing van die woord "bydraes" waarvolgens die beskuldigdes in die lig van die feite wat gemene saak was nie die magtiging van die

/4.......

Direkteur van Fondsinsameling sou nodig gehad het nie. Na sluiting van die Staat se saak het die streeklanddros die regsargument namens die beskuldigdes gehandhaaf. Ingevolge art 174 van die Strafproseswet No 51 van 1977 het hy hulle onskuldig bevind en ontslaan.

Vir doeleindes van appèl het die Staat die streeklanddros versoek om ingevolge art 310 van die Strafproseswet No 51 van 1977 'n gestelde saak vir die beslegting van die regsvraag op te stel. Die appèl het aanvanklik in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling voor twee regters gekom maar omdat hulle nie kon ooreenkom nie is die appèl na die Volle Hof van die Transvaalse Provinsiale Afdeling verwys. Die Volle Hof het die appèl gehandhaaf deur die streeklanddros se bevel tersyde te stel en die saak na hom terug te verwys vir verdere verhoor. Die uitspraak van die Volle Hof is gerapporteer as S v Krogh and Another,

1989(4) SA 615 (T). Met spesiale verlof van die Hoofregter kom slegs die appellant tans in hoër beroep na hierdie Hof.

Die omskrywing van die woord "bydraes" in art 1(1) van die Wet lui soos volg:

> "roerende of onroerende goed, met inbegrip van geld of enigiets wat gewissel of in geld omgesit kan word, wat nie ter nakoming van ŉ regtens afdwingbare verpligting (uitgesonderd ŉ donasie of skenking) oorgedra word nie en waarvan die blote oordrag nie ŉ reg op die een of ander teenprestasie (uitgesonderd ŉ teenprestasie met betrekking tot ŉ kompetisie, wedstryd, spel, skema, reëling of stelsel in verband waarmee die een of ander prys gewen kan word) verleen nie."

/6.......

In die Engelse teks (die ondertekende teks) van die Wet is die eweknie van "bydraes " die woord "contributions" in art 1(1) wat soos volg lui :

> "movable or immovable property, including money or anything that can be exchanged for or converted into money, which is not transferred in fulfilment of a legally enforceable obligation (except a donation or gift) and the mere transfer of which does not confer the right to claim any consideration (except any consideration in relation to any competition, contest, game, scheme, arrangement or system in connection with which any prize may be won)."

Tekstueel is daar geen verskil tussen die Afrikaanse en die Engelse omskrywings van die begrippe "bydraes" en "contributions" nie. Die een amptelike taal se teks werp geen lig op die uitleg van die ander amptelike taal se teks van hierdie begrippe nie. In die lig daarvan is ek van voorneme om vir doeleindes van hierdie uitspraak die Afrikaanse omskrywing van "bydraes" te gebruik.

Wat onmiddellik opval by die deurlees van die Afrikaanse omskrywing van "bydraes" is die feit dat die wetsopstellers drie bysinne aangewend het. Twee van hulle is negatief ingeklee terwyl hulle van uitsonderings voorsien is. Die effek wat die saamlees van hierdie twee negatiewe bysinne met hul uitsonderings meebring, is om 'n warboel van gedagtegang te veroorsaak. Dit is te betreur omdat die Wet in die eerste instansie hoofsaaklik deur leke toegepas word. Dit is van belang vir lede van die publiek

om te weet of hulle magtiging ingevolge die Wet nodig het om bydraes van die publiek in te samel al dan nie. Die warboel van gedagtegang word in die onderhawige geval nie opgeklaar deur die primêre beginsel van wetsuitleg om aan elke woord sy grammatikale betekenis te heg met inagneming van die konteks waarin die woorde in die omskrywing van "bydraes" gebruik word nie (Venter v Rex 1907 TS 910 op bl 913-914, Ebrahim v Minister of the Interior 1977(1) SA 665(A) op bl 677 A - 678 C) aangesien die woorde as sulks in hul gewone grammatikale betekenis nie onduidelik of dubbelsinnig is nie. Selfs deur te let op die doel waarvoor die wetgewer die Wet gemaak het (Public Carriers Association and Others v Toll Road Concessionaries (Pty) Ltd and Others 1990(1) SA 924 (A) op bl 943 C - E), naamlik om die publiek te beskerm teen ongemagtigde insameling van bydraes, is hier nie van praktiese nut nie omdat die kernvraag die betekenis

van die omskrewe "bydraes" is. Na my oordeel word die probleem in die onderhawige geval veroorsaak deur die wetsopstellers se aanwending van die negatiewe konstruksie waarmee die twee negatiewe bysinne met hul uitsonderings ingeklee is. Daarom is ek van voorneme om die omskrywing van "bydraes" positief om te skep ten einde die bedoeling van die wetgewer vas te stel.

Volgens ŉ analise van die omskrewe "bydraes" omvat dit roerende of onroerende goed met inbegrip van geld en enigiets wat op geld waardeerbaar is en wat aan die volgende twee eienskappe kumulatief voldoen :

<u>Eerste negatiewe eienskap</u> : "Wat nie ter nakoming van ŉ regtens afdwingbare verpligting (uitgesonderd ŉ donasie of skenking) oorgedra word nie."

Positief beskou, kom die eerste negatiewe eienskap hierop neer dat wat 'n bydraer ter nakoming van 'n regtens afdwingbare verpligting oordra die hoedanigheid van 'n bydrae ontbreek tensy hy dit uit hoofde van 'n donasie of skenking doen in welke geval dit wel die hoedanigheid van 'n bydrae het.

Tweede negatiewe eienskap : "en waarvan die blote oordrag nie 'n reg op een of ander teenprestasie (uitgesonderd 'n teenprestasie met betrekking tot 'n kompetisie, wedstryd, spel, skema, reëling of stelsel in verband waarmee die een of ander prys gewen kan word) verleen nie." (My kursivering).

Positief benader, bestaan die tweede negatiewe eienskap daarin

dat die blote oordrag van goed deur ʼn bydraer wat aan hom ʼn reg op een of ander teenprestasie verleen die hoedanigheid van ʼn bydrae ontneem tensy die teenprestasie betrekking het op ʼn kompetisie, wedstryd, spel, skema, reëling of stelsel in verband waarmee die een of ander prys gewen kan word.

Gevolglik het ons te doen met ʼn geoorloofde bydrae indien dit aan die bepalings van die eerste negatiewe eienskap sowel as die tweede negatiewe eienskap voldoen maar nie binne die twee uitsonderings val nie in welke geval dit ʼn verbode bydrae is. Hieruit blyk dit dan dat die aanwesigheid van die twee uitsonderings in die omskrywing van "bydraes" deurslaggewend is om ʼn bydrae binne die verbodsbepaling van art 2 van die Wet te bring. Samevattend kom dit daarop neer dat ʼn verbode bydrae bestaan uit geld of enigiets op geld waardeerbaar (1) wat uit hoofde van ʼn donasie of skenking oorgedra is en (2) wat deur die blote

oordrag daarvan aan die bydraer 'n teenprestasie verleen met betrekking tot 'n kompetisie, wedstryd, spel, skema, reëling of stelsel in verband waarmee 'n prys gewen kan word.

By die toepassing van die woordomskrywing van "bydrae" op die feite van die onderhawige geval was die ratio decidendi van die streeklanddros se uitspraak hoofsaaklik gebaseer op die tweede negatiewe eienskap van "bydrae". Hy bevind dat 'n bydraer 'n kaartjie nie deur die blote oordrag van R10 verkry nie maar deur die oorhandiging van die R10 gepaard met die beantwoording van die vermelde vraag verkry hy 'n kaartjie sowel as 'n reg tot teenprestasie in die skema. Dit noop die streeklanddros tot die gevolgtrekking dat die betrokke skema nie 'n skema was soos beoog in die omskrywing van "bydraes" nie.

Die uitspraak van die Hof a quo is uiters kripties sonder om die omskrywing van "bydraes" te analiseer.

/13.......

Dit behandel ook glad nie die ratio decidendi van die streeklanddros se uitspraak nie. Dit wil egter wel voorkom asof die Hof a quo van oordeel was dat die oordrag van R10 vir 'n kaartjie wel binne die twee uitsonderings in die omskrywing van bydraes geval het (bl 617 in fine - 618 B).

In hierdie Hof was die swaartepunt van adv van Nieuwenhuizen se betoog namens die appellant gebaseer op die ratio decidendi van die streeklanddros. Hy het aangevoer dat die woorde "blote oordrag" in die omskrywing van "bydrae" slegs op die oordrag van geld of goed betrekking het. Gevolglik is die oordrag van R10 gepaard met die beantwoording van 'n vraag nie blote oordrag nie. Dit is 'n baie formalistiese en spitsvondige benadering wat op die tweede negatiewe eienskap van 'n bydrae betrekking het, naamlik dat die blote oordrag van geld of goed deur 'n bydraer wat aan hom 'n reg op een of ander teenprestasie verleen die

hoedanigheid van 'n bydrae ontneem (onderhewig aan die uitsondering).

As ons die feite in die onderhawige geval in oënskou neem en die omskrywing van 'n "bydrae" daarop toepas dan is die posisie na my oordeel soos volg. Voordat 'n bydraer sy R10 oordra en die gestelde vraag beantwoord, was daar geen regsverhouding tussen hom en die beskuldigdes as beheerders van Sun Promosies nie. Dit volg dat toe die bydraer sy R10 oordra en die gestelde vraag beantwoord, het hy dit nie gedoen ter nakoming van 'n regtens afdwingbare verpligting uit hoofde van 'n <u>causa</u> anders dan 'n donasie of skenking nie. Dit beteken dat in die onderhawige geval daar wel voldoen is aan die eerste negatiewe eienskap van 'n bydrae. Wat egter wel van belang is, is die feit dat in die onderhawige geval die R10 bydrae oorgedra is uit hoofde van 'n donasie of skenking sodat dit wel in die uitsondering

op die eerste negatiewe eienskap val en sodoende een van die elemente van ŉ verbode bydrae het.

Dit bring ons nou by die tweede negatiewe eienskap in die omskrywing van ŉ bydrae. Die woorde "blote oordrag" beteken volgens die gewone grammatikale betekenis van "bloot" (Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal, deel 1 s.v. bloot : "eenvoudig, sondermeer, slegs, alleen,") "slegs oordrag" of "oordrag sonder meer" of "oordrag alleen" uit die samehang waarin hulle gebruik word. Verleen die oordrag van die R10 aan die bydraer ŉ reg op ŉ teenprestasie? Die antwoord in die onderhawige geval is bevestigend.

Dit beteken dat in die onderhawige geval daar wel voldoen is aan die tweede negatiewe eienskap van ŉ bydrae.

Wat die oordrag van R10 aan die bydraer verleen by wyse van ŉ reg op ŉ teenprestasie is egter om aan die kompetisie, wedstryd, skema ens. deel te neem en indien ŉ prys aan hom

/16.......

toegeken word, om dit te kan opeis. Sodanige reg op ŉ teenprestasie het egter wel betrekking tot ŉ kompetisie, wedstryd, skema ens. sodat dit wel in die uitsondering op die tweede negatiewe eienskap val en sodoende ŉ element van ŉ verbode bydrae het. Na my oordeel word die posisie geensins beïnvloed deur die beantwoording van die gestelde vraag nie. ŉ Vraag kan in die onderhawige geval nie betrekking hê op die woord "oordrag" nie aangesien die "blote oordrag" op die oordrag van die R10 sonder meer betrekking het wat die verlening van ŉ reg op ŉ teenprestasie betref. Dit is duidelik dat die bydrae betrekking het op geld of goed wat op geld waardeerbaar is. ŉ Vraag se antwoord is geen bydrae nie. Soos reeds vermeld, bring die aard van die teenprestasie dit binne die uitsondering op die tweede negatiewe eienskap en verleen dit aan die bydrae een van die elemente wat dit ŉ verbode bydrae maak.

Die resultaat is dat die oordra van die R10 binne die bestek van die twee uitsonderings val en sodoende 'n verbode bydrae is wat deur die verbodsbepaling van art 2 van die Wet getref word.

Op grond van die voorgaande kom ek tot die gevolgtrekking dat die Hof *a quo* se bevel korrek is. Die resultaat is dat die appèl afgewys word.

C. P. JOUBERT AR.

STEYN AR
F H GROSSKOPF AR
GOLDSTONE AR
PREISS Wn AR

Stem saam.